# Gantouw-ossewaroete 2021

| **ROETE:** | Gantouw-ossewaroete | **DATUM:** | 20 Februarie 2021 |
|---|---|---|---|

**KOMMENTAAR**

Altesaam 17 van ons het Saterdagoggend 20 Februarie 2021 om 08:00 by die beginpunt net na die hoogste punt in Sir Lowryspas bymekaar gekom om hierdie geskiedkundige sirkelroete van 7 km te stap. Ons het vanaf die parkeerterrein geleidelik geklim, 'n treinspoor oorgesteek en uiteindelik regs gedraai op 'n jeeppad wat ons na die afdraaibord ("Gantouw Pass historical wagon tracks and cannon route") na die nekkie geneem het. Net voor die nekkie het ons links opgeklim na die twee kanonne, iets geëet, baie gesels en die uitsig geniet. Daarna het ons die ossewaroete geneem waar mens duidelik die spore kan sien wat die ossewaens oor tyd in die rotse uitgekerf het. Dit was vanaf die 17de eeu die roete oor Sir Lowryspas en mens kan nie help om te dink aan die deursettingsvermoë en harde werk wat dit moes verg om groente en vrugte met ossewaens oor die nekkie te vervoer nie. Die ossewaspore in die sandsteen is in 1958 tot Nasionale Monument verklaar. Die vroegste aangetekende tog deur die pas was in 1662. Teen 1821 is meer as 4 500 ossewaens elke jaar deur die Gantouwpas (Hottentots-Holland Kloof). Toe ons onder by die treinspoor kom, het ons links gedraai en al met die spoor gestap tot by 'n duikweg met indrukwekkende graffiti. Kort daarna het ons by 'n baie ou tonnel uitgekom. Die tonnel is stikdonker omdat dit om 'n draai loop. Ons moes dus ons flitse uithaal vir hierdie deel (party se flitse kon daglig maak). Ons het toe verder die treinspoor gevolg tot ons weer die afdraaipaadjie na die motors gekry het. 'n Besonderse roete met baie interessanthede. Baie dankie aan Amanda Matthee vir die reëlings en stapleiding. Nota: Ons het nie vooraf geweet van die permitgeld van R20 per persoon wat betaalbaar is nie. Ons het dit agterna by Trail's End buite Grabouw gaan betaal en die inbetalingsbewys gekry.

| STAPPER | LIDNOMMER | ADMINFOOI | KM | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| Amanda Matthee | 2021040 | R 5 | 7 | |
| Miranda Myburgh | 2021068 | R 5 | 7 | |
| Chrisna Swart | 2021043 | R 5 | 7 | |
| Enrico Nel | 2021042 | R 5 | 7 | |
| Monique Shortt | Besoeker | R 10 | 7 | |
| Niel Visser | 2021053 | R 5 | 7 | |
| Sharon Visser | 2021054 | R 5 | 7 | |
| Alana van Rensburg | 2021070 | R 5 | 7 | |
| Irma Jooste | 2021038 | R 5 | 7 | |
| Deon Arp | 2021039 | R 5 | 7 | |
| Freddie Pohl | 2021090 | R 5 | 7 | |
| Susan Pohl | 2021089 | R 5 | 7 | |
| Steph du Toit | 2021001 | R 5 | 7 | |
| Mariana du Toit | 2021002 | R 5 | 7 | |
| Ilse Marais | 2021080 | R 5 | 7 | |
| Mariette Nortjé | 2021037 | R 5 | 7 | |
| Dale Adams | 2021047 | R 5 | 7 | |
| | | | | |
| | **TOTALE:** | **R 90** | **119** | |

| **VERSLAG DEUR:** | Amanda Matthee |
|---|---|